



Nr 136


Nov 2018

## *Nuusbrief van die Peter Henrich Henning Familielond*

Wingerd 205  
Theewaterskloof Landgoed  
Villiersdorp

Posbus 121  
Villiersdorp  
6848

Tel: 028 840 0113      [www.henning.org](http://www.henning.org)      E-pos: [olie4@henning.org](mailto:olie4@henning.org)  
Verskyn vier keer per jaar: Februarie, Mei, Augustus en November



b9.c3.d3.e3.f4.g2.h1.i2 Johannes Nicholas Hendrik (Nico) Henning \*28 Junie 1973 wat ernstig in 'n roofot op 21 Augustus 2018 in Danville, Pretoria verwond is

## Net Wonderwerk kan Nico Henning se lewe red

Op 22 Augustus 2018 verskyn daar 'n berig met dieselfde opskrif as hierbo in al die Afrikaanse nasionale koerante. Ons het onmiddelik die berig met aandag gelees. Dié ontstellende berig lui as volg:

Nico Henning (45) se familie huil bittere tranе, waar hulle in 'n hospitaalgang sit en bid vir sy lewe. Hy is Dinsdag (21 Aug) ernstig gewond nadat hy glo deur rowers met AK47's geskiet is voor die OK Grocer in Danville, in die weste van Pretoria.

Nico se vrou, Linda, haar broer, Len Bothma en sy vrou, Linette, was Woensdag by die waakeenhed van die Milparkhospitaal in Johannesburg, waar Nico onder sterk verdowing gehou word. Linda was baie emosioneel en het styf aan haar broer se hand vasgehou terwyl sy vertel hoe Nico gewond by die huis stilgehou het.

Nico, wat 'n lid van Afriforum se buurtwag is, het gereageer op 'n noodoproep van die winkel. Niemand het in daardie stadium geweet hoe ernstig die oproep was en dat daar gewapende rowers was nie. Op pad soontoe het Nico 'n oproep gekry dat die rowers gewapen is en dat hy moet omdraai. Die oproep het te laat gekom vir Nico. Die vlugtende rowers het glo losgebrand op sy gemerkte voertuig.

In die ou Baltiese dialek was 'n haan genoem "hen" en 'n jong haantjie "henning"

*Bothma sê die koeël het deur die kattebak, die agterste en voorste sitplek getrek en Nico in die rug getref. Nico het huistoe gejaag en Linda gevra om te help omdat hy geskiet is. Hy het geweier dat sy bestuur. Hulle het nie ver gevorder nie toe die voertuig 'n papwiel kry.*

*Linda het om hulp geroep op die buurtwagrado en Nico is van daar af per motor na die Kalafong-hospitaal gebring. Hy is per helikopter na die Milpark-hospitaal oorgeplaas.*

*Ons is nie seker of die band ook raakgeskiet is, of wat gebeur het nie ... ons is ook nie seker met watter tipe vuurwapen daar op Nico geskiet is nie.*

*Nico het nog net een keer sy oë oopgemaak, maar dit het gelyk of hy nie weet waar hy is nie. Linda sê volgens die dokter wat Nico geopereer het, sal dit net 'n wonderwerk wees as hy oorleef. Nico se lewer en dik- en dunderm is beskadig en sy een nier moes verwyder word in 'n noodoperasie. Hy sal moontlik Donderdag nog 'n operasie moet ondergaan om die skade aan sy ingewande te herstel.*

*Dit is nog onduidelik of die dokters al die koeël verwyder het. "Die dokters probeer regtig hul bes ... maar dit gaan kritiek in die stadium," sê Linda.*

*Vriende en familie het vir haar en Nico 'n gebedsgroep op die been gebring. Teen Woensdag het dié groep 7 000 lede van regoor die wêreld gehad.*

*Wynand Bezuidenhout, bestuurder van die winkel, sê agt rowers met klapmusse het toegeslaan en die dag se geld geroof.*

*Kapt Agnes Huma, poliswoordvoerder, sê daar kan nog nie met sekerheid gesê word dat die verdagtes met AK47's gewapen was nie. Sy het bevestig dat die voorval ondersoek word, maar dat niemand nog gearresteer is nie."*

Ons het vasgestel dat hierdie Nico Henning b9.c3.d3.e3.f4.g2.h1.i2 Johannes Nicholas Hendrik Henning \*28 Junie 1973 is. Ons het nog net vir Nico op rekord gehad en nie sy vrou en kind nie. Nadat ons met sy vrou Linda in verbinding gekom het, kon ons nou Nico se hele familie ook op rekord neem.

Met die samestelling van hierdie nuusbrief kan ons berig dat dit stadig maar seker beter gaan met Nico. Hy is nog steeds baie ernstig beseer, maar elke dag kan sy familie verbetering sien.

Dit wys mens net hoe uitgelewer gewone, beskaafde en verantwoordelike burgers van hierdie land geword het met die miljoene gewetenlose barbare wat ons land oorstrom. Dit word al duideliker dat daar nie 'n oplossing vir hierdie tipe tragedies is nie, want terwyl die getal beskaafde burgers bykans jaarliks daal, is die bevolkingsaanwas onder die barbare buite beheer.

## **Henning Babas**

Henning baba's is deesdae amper so skaars soos hoendertande. Ons hoor selde van nuwe baba's wat gebore word. As ons dan sommer drie baba's en hul ouers in een nuusbrief bekend kan stel is dit 'n voorreg. Al drie babas is lede van die Willem Frederik- of Burgersdorptak van die nasate van Peter Henrich Henning \*1740.

**b6.c4.d7.e8.f1.g1.h2. Tjaart Henning, gebore 6 September 1991** het vir ons laat weet dat hy en sy vroutie, Samantha (gebore Baker) \*20-10-1993 op 7 September 2017 'n babaseuntjie, Matthew ryker geword het. Tjaart is natuurlik die seun van Louis Johannes Henning en sy vrou



Tjaart en Samantha Henning van Nigel,  
met hul eersteling, Matthew wat op 7  
September 2017 gebore is



Mertin en Marita Henning en hulle  
eersteling, Mikayla wat op 4 Julie 2018  
gebore is



Maria (gebore Hamer), terwyl Samantha 'n dogter van Clover Baker en sy vrou Lischel (gebore Olivier) is.

Tjaart is 'n bestuurder by Fenchem in Pretoria en Samantha is 'n geoktrooieerde Rekenmeester (GR) by Ernst & Young.

Ons het verneem dat **b6.c4.d3.e7.f6.g2.h2. Mertin Henning \* 29-4-1984** en sy vroutie, Marita (gebore Henrico) \* 18-3-1986 van Hallgate, Nigel se eerste kleinding – 'n dogtertjie genaamd Mikayla op 4 Julie 2018 in die Dalview Hospitaal, Brakpan gebore is.

Mertin is die seun van Johannes Christiaan Henning en sy vrou Hester Florina (gebore van der Walt). Hy is tans IT-Bestuurder by Tyres 2000 in Nigel, terwyl Marita al haar aandag aan die grootmaak van hul baba gee en 'n tuisteskepper is.

Ons het in 2017 berig oor **b6.c4.d1.e5.f5.g6.h3.i3. Jacobus Adriaan Gerhardus Henning (of Kosie soos hy genoem word) \*16-7-1993** wat sy teologiese studies aan die einde van 2017 aan die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke in Potchefstroom voltooi het. Hy is kort daarna as predikant na die Gereformeerde Kerk Harrismith beroep.

Kosie en sy vroutie, Carlizé het op 29 Augustus 2018 die ouers van 'n pragtige babaseuntjie geword. Die kleinding is na sy pa en oupa vernoem. Kosie het self die doopseremonie op 16 September 2018 waargeneem in die kerkgebou van die Harrismith gemeente, terwyl Ds R A Bain van die Gereformeerde Kerk Cachet in Potchefstroom die diens gelei het.

**Ds Kosie Henning doop hul eersteling, wat na pa en oupa vernoem is op 16 September terwyl ma Carlizé toekyk**

## Mauritz en Ollie 60 jaar getroud

b6.c4.d1.e5.f10.g6. Mauritz Henning van die Eden Aftree-oord in Pretoria-Noord het vir baie jare op die bestuur van die Henning Familiebond gedien en hy was altyd – tot vandag toe – een van ons groot steunpilare. Dit is dus ‘n groot voorreg om te berig dat Mauritz en sy vrou Ollie en hulle uitgebreide familie op 11 Augustus 2018 groot feesgevier het. Ollie Henning (of te wel Catharina Machilina, gebore Hamman) het op 5 Julie 2018 tagtigjaar oud geword en op 30 Augustus 2018 was hulle sestigjaar lank getroud.

Hulle drie dogters, Loma, Marlene en Alma het besluit dat hulle net een groot fees by die saal van die Eden Aftree-oord gaan organiseer, om beide geleenhede te vier en daar is besluit dat daardie dag 11 Augustus 2018 sou wees. Een van Mauritz en Ollie se kleinseuns werk in Aboe Dhabi in die Verenigde Arabiese Emirate en dit was die enigste tyd wat hy sy verlof gereël kon kry.



**Mauritz (82) en Ollie (80) Henning tydens die sestigste herdenking van hul troudag**

Al Mauritz en Ollie se kinders (drie, plus twee se gades), kleinkinders (7 plus hul gades) en vyf agterkleinkinders was teenwoordig, sowel as Mauritz se twee susters wat nog leef – René van der Westhuizen (88) van Parys en Esmé Coetzer (78) van Jeffreysbaai en verskeie van hulle kinders en kleinkinders asook vriende het bygewoon — altesaam ongeveer 70 mense!

Mauritz en Ollie het mekaar in die vroeë 1950's by die Hoërskool Ben Viljoen in Groblersdal ontmoet. Die nuwe standerd 6'e moes die eerste dag alfabeties in 'n ry staan. Esmé Henning, Mauritz se sussie, staan toe toevallig langs Ollie, want Ollie se van was Hamman. Ollie en Esmé het vriendinne geword. In daardie tyd het Ollie net geweet Mauritz is Esmé se broer.

Die jaar toe Ollie in matriek was, het Mauritz by Ferreira Prokureurs in Groblersdal gewerk en hy het losies nodig gehad. Ollie en haar ma (Lettie Hamman) het alleen in 'n huis gewoon en hetloseerders ingeneem vir 'n ekstra inkomste. Mauritz het toe by hulle loseer. Toevallig was hulle al twee in die Gereformeerde Kerk en het na dieselfde gemeente gegaan en ook saam belydenis van geloof afgelê. Hulle het mekaar toe beter leer ken en dis waar die liefde begin blom het!

Ferreira Prokureurs het later geskuif na 'n ander dorp toe en Mauritz wou nie saamgaan nie. Sy Pa kry toe vir hom werk in Phalaborwa by die myn. Ollie was nog

in Matriek maar hulle was klaar lief vir mekaar. Hulle het briewe vir mekaar geskryf want hulle kon nie altyd telefonies praat nie. Baie liefdesbriewe!

Een naweek wou Mauritz vir Ollie verras en het 'n kans gekry om saam met 'n vriend wat 'n klein vliegtuig gehad het te vlieg van Phalaborwa na Groblersdal toe, maar toe hy by Ollie se huis kom, was Ollie en haar ma daardie naweek Vanderbijlpark toe om by Ollie se suster te gaan kuier. Daar staan Mauritz toe voor dooiemansdeur en ryloop toe maar Dennelton toe, na sy familie. Die Sondag middag het sy swaer Sias vir hom sy kar geleen en gesê hy moet gaan kyk of Ollie-hulle al terug is. Daardie Sondag aand het Mauritz lank daar gekuier!

Ollie het in 1956 klaar gemaak met haar matriekjaar en toe trek sy en haar ma Vanderbijlpark toe waar haar familie gewoon het. Mauritz het toe 'n werk gekry in Meyerton. Ollie het werk gekry by die biblioteek in Vereeniging en was baie gelukkig daar. Oupa en Ouma Henning trek Rustenburg toe en Mauritz is agterna om daar by 'n myn te gaan werk.

In 1958 besluit hulle om te trou. Ollie was 20 jaar oud en Mauritz 22 jaar oud. Hulle troue was in die kerk en daarna is 'n onthaal gehou by Ollie se ousus, Lienie, se huis.

Mauritz en Ollie het na die troue hul wittebrood in LM (die huidige Maputu) in Mosambiek gehad en is toe Pretoria toe waar hulle 'n klein eenman woonstel in die middestad van Pretoria gehuur het. Mauritz het by die Departement van Statistiek begin werk, waar hy gewerk het tot en met sy aftrede. Ollie het by die Staatsbiblioteek werk gekry.

So 'n jaar later is hulle eerste dogter, Loma, gebore en die tweede dogter, Marlene, 13 maande later. Hulle was baie gelukkig om in 'n klein dorpie (die Staatsdorp) teenaan Wonderboom Lughawe te gaan woon. Daar het hulle baie gelukkige jare deurgebring. Daar het baie jong gesinne gewoon en almal het kleuters en kinders gehad en gereeld bymekaar gekuier.

Later moes al die mense in die Staatsdorp wegtrek en het hulle eers in Mountain View vir 'n ruk gewoon waar hul derde kind gebore is, nog 'n dogter, Alma. Daarna het hulle hul eerste huis in Danie Theronstr, Pretoria Noord gekoop.

Mauritz het mooi tuin begin maak en die huis bietjie aangebou en verander. Daar was altyd baie mense wat deur die jare kom kuier het. Die familie het baie kuiers daar gehad en die 3 dogters se troues was almal daar in die tuin. Toe die dogters tieners was, was die huis elke naweek vol jongmense en kêrels! Mauritz se broers en susters en hulle gesinne en Ollie se broer en susters het gereeld kom kuier. Daar was baie gelag in daardie huis en almal was altyd welkom!

Na Mauritz se aftrede in 1995 verhuis hulle na Stilbaai waar hulle al jare lank 'n strandhuis besit het. Die dogters en hulle gesinne het Desember-maande heerlik saam gekuier in Stilbaai, maar Ollie het baie verlang na haar 3 dogters en kleinkinders en na 7 jaar in Stilbaai, in 2002, verhuis hulle terug na Pretoria en gaan woon in Eden Aftree-Oord waar hulle nou nog baie gelukkig bly.

Hulle is baie besige pensionarisse, het rondgereis in Suid-Afrika met hulle karavaan en was Europa toe en hou hulself besig met navorsing oor hulle Henning en Hamman voorsate. Mauritz skilder en hulle altwee is baie lief vir lees. Twee jaar terug is Mauritz, toe 80 en Ollie 78 saam met twee van hulle dogters op 'n wonderlike bootreis na die Middellandse See en het plekke soos Venesië, die Griekse eilande en Istanboel besoek. Dit was vir hulle dogters baie spesiaal om die toer saam met hulle ouers mee te maak.

## Henningsvaer, Lovoten, Noorweë

Ons het in Nuusbrief 66 van Mei 2001 'n kort artikeljie gedra oor die dorpie Henningsvaer in Lofoten, Noorweë, maar weens gebrek aan spasie in daardie nuusbrief kon ons nie veel van hierdie pragtige romantiese wegbrekplekkie vertel nie. Henningsvaer word ook die Venisië van Lovoten genoem en is 'n gewilde toeriste-oord vir Noorweërs sowel as internasionale toeriste.



Zerline Henning van Eindhoven, Nederland wys op 'n kaart van die Lovoten eilandgroep na die dorpie Henningsvaer



Die Fiskekrogen – Viskroeg – restaurant waar die heerlikste vissop voorgesit word. Mense kom van heinde en verre om hierdie heerlike sop te kom geniet

Onlangs het Peter Henning van Eindhoven, Nederland ('n Nederlandse Henning en goeie vriend van ons familiebond) vir ons laat weet dat sy dogter, Zerline deur die Lovoten distrik van die Nortland-provinsie van Noorweë gereis het en toe op Henningsvaer afgekom het. Sy was heel verras om haar eie van hier naby die Noordpool in Noorweë te vind.

Henningsvaer is 'n vissersdorpie geleë op verskeie klein eilande aan die Suidkus van Austvågøya in die Lofoten eilandgroep in Noorweë. Dit is deel van die munisipaliteit van Vågan in die Nordland provinsie. Henningsvaer is verbind met die res van Vågan met die Henningsvaer brue, wat net wyd genoeg is om een voertuig op 'n slag te akkomodeer. Die dorpie is merendeels geleë op die eilande Heimøya en Hellandsøya.

In hierdie ryk viswaters kom die Noorweegse Arktiese kabeljou gedurende Paastyd hul eiers lê. Hierdie heerlike visse baljaar in die Barentssee totdat hulle op sewe/ agtjarige ouderdom seksuele volwassenheid bereik. Mens kan vars vis sommer by die bote koop, soos hulle in die hawe terugkom. By 'n beskeie restaurant met die naam, Fiskekrogen (viskroeg) kan mens die heel lekkerste vis denkbaar nuttig. Die restaurant is reg oor Noorweë beroemd vir hul heerlike vissop.

Baie Noorweërs reis spesiaal na Henningsvaer om sop by Fiskekrogen te kom nuttig.

Die 0.3 vierkante kilometer (74 akker) dorpie het 'n bevolking van 444.




As gevolg van sy tradisionele vissersdorpie-argitektuur, trek Henningsvaer baie toeriste. Bergklim, duik en snorkel is ook gewilde toeriste aktiwiteite. Die Henningsvaer kerk is ook in die dorpie geleë op die eiland Heimøya.

**Let op die enkelbaan brug waarmee die Henningsvaer eilande met die vasteland verbind word**



**'n Blik op die romantiese vissersdorpie, Henningsvaer, in die Lovoten eilandgroep. Dit is ook 'n baie gewilde toeriste bestemming. Die berge in die agtergrond is op die vasteland geleë**

## Henning Uitstalling, Aliwal-Noord



Tussen 1988 en 1990 het Bondsekretaris Olivier Henning gereeld hartlike samesprekings met amptenare van die destydse munisipaliteit van Aliwal-Noord gehad in verband met die insluiting van 'n Henning uitstalling in die nuwe museum wat die munisipaliteit beplan het. Hierdie museum sou ingerig word in die eerste kerkgebou wat in 1857 in Aliwal-Noord opgerig is en bekend sou staan as die Kerkpleinmuseum. Beide partye was verheug toe ons tot 'n vergelyk gekom het. Olivier het hierna begin beplan aan ons uitstalling.

Hierdie uitstalling is met trots en blymoedigheid teen die einde van 1991 deur wyle oom Len Henning (destyds 83 jaar oud), Olivier Henning en Mauritz Henning opgerig en ons weet dat baie Hennings trots was op hierdie uitstalling in die Kerkpleinmuseum, Aliwal-Noord.

Na die bewindsverandering van 1994 het die nuwe stadsraad en munisipaliteit egter duidelik laat blyk dat hulle nie van die witmense se museums hou nie en het alle instandhoudingswerk aan die gebou gestaak en aangedui dat hulle die gebou as 'n stoer wil gebruik. Ten spyte van vergaderings met die burgemeester en verskeie van haar amptenare, waar hulle baie beloftes van samewerking gemaak het, waarvan niiks



Ons het besef dat 'n museum nie net 'n bergplek vir 'n klomp ou goed moet wees nie. Dit moet 'n storie vertel - 'n tema hê — en met die beperkte uitstalitems tot ons beskikking, het ons gesukkel om ons tema "*Die Henning families as tipiese trekboer families*" uit te beeld.

Ons het hoofsaaklik items van die Gert Franstak – die Aliwal-Noord Hennings van die plaas Damfontein – gekry, maar selfs hier is die meerderheid stukke meubels en gereedskap steeds in die huise van verskeie nasate. Gelukkig het ons rekord gehou van wie watter stukke steeds in hul besit het.

Die gemeenskap van Aliwal-Noord het steeds 'n museumkomitee, wat bestaan uit inwoners van die dorp wat vrywillig van tyd tot tyd diens doen, maar die Kerkpleinmuseum staan permanent toegesluit.

Vir alle praktiese doeleindes bestaan die Henning uitstalling en die kerkpleinmuseum dus nie meer nie en is dit reeds niks meer as 'n stoer nie.

Ons sal dus een of ander tyd 'n plan moet uitwerk om ons uitstalling te gaan afbreek en al die artefakte te verwijder, maar waarheen gaan ons met alles.... en wie gaan die werk doen? Ons jongmense is te besig en die oues van dae kan nie meer sulke harde werk doen nie. Baie skenkars van artefakte is al oorlede en ons wil nie hierdie kosbare items verlore laat gaan nie.

Marthinus Henning van Welkom het onlangs met die gedagte voerendag gekom van 'n virtuele museum vir die Henningfamilie op Internet. Gelukkig het ons vir Dr Jannetta Steyn, wat 'n Doktorsgraad in Rekenaarwetenskap het. Sy is 'n trotse Henning Boerenooi verbonde aan die Dept van Rekenaarwetenskap van die Universiteit van Newcastle in Engeland. Sy het jare gelede reeds op eie koste die Henning webwerf op Internet totstand gebring en bestuur dit steeds. Sy het ingewillig om eers navorsing te doen wat die beste maniere sal wees om so 'n virtuele museum tot stand te bring.

Daar is natuurlik groot voordele in so 'n virtuele museum:

1. Daar is nie 'n gebou wat in stand gehou moet word nie;

gekom het, het dit duidelik geword dat die dae van die Henning- en De Wet-uitstellings getel was.

Intussen het ons gesukkel om gesikte Henning artefakte vir ons uitstalling te kry. Daar was twee redes hiervoor:

1. Mense met waardevolle artefakte was onwillig om dit aan die museum af te staan, omdat hulle dit self in hul huise vertoon;
2. Waar die meerderheid Hennings tydens die Anglo-Boereoorlog op plase in die Vrystaat en Transvaal gewoon het, is hierdie plaashuise almal deur die Britse magte aangebrand en het niks oorgebly nie. Slegs 'n paar Henning gesinne wat in die Kaapkolonie gewoon het, het hierdie ramp vrygesprong.

Ons het besef dat 'n museum nie net 'n bergplek vir 'n klomp ou goed moet wees nie. Dit moet 'n storie vertel - 'n tema hê — en met die beperkte uitstalitems tot ons beskikking, het ons gesukkel om ons tema "*Die Henning families as tipiese trekboer families*" uit te beeld.

Ons het hoofsaaklik items van die Gert Franstak – die Aliwal-Noord Hennings van die plaas Damfontein – gekry, maar selfs hier is die meerderheid stukke meubels en gereedskap steeds in die huise van verskeie nasate. Gelukkig het ons rekord gehou van wie watter stukke steeds in hul besit het.

Die gemeenskap van Aliwal-Noord het steeds 'n museumkomitee, wat bestaan uit inwoners van die dorp wat vrywillig van tyd tot tyd diens doen, maar die Kerkpleinmuseum staan permanent toegesluit.

Vir alle praktiese doeleindes bestaan die Henning uitstalling en die kerkpleinmuseum dus nie meer nie en is dit reeds niks meer as 'n stoer nie.

Ons sal dus een of ander tyd 'n plan moet uitwerk om ons uitstalling te gaan afbreek en al die artefakte te verwijder, maar waarheen gaan ons met alles.... en wie gaan die werk doen? Ons jongmense is te besig en die oues van dae kan nie meer sulke harde werk doen nie. Baie skenkars van artefakte is al oorlede en ons wil nie hierdie kosbare items verlore laat gaan nie.

Marthinus Henning van Welkom het onlangs met die gedagte voerendag gekom van 'n virtuele museum vir die Henningfamilie op Internet. Gelukkig het ons vir Dr Jannetta Steyn, wat 'n Doktorsgraad in Rekenaarwetenskap het. Sy is 'n trotse Henning Boerenooi verbonde aan die Dept van Rekenaarwetenskap van die Universiteit van Newcastle in Engeland. Sy het jare gelede reeds op eie koste die Henning webwerf op Internet totstand gebring en bestuur dit steeds. Sy het ingewillig om eers navorsing te doen wat die beste maniere sal wees om so 'n virtuele museum tot stand te bring.

Daar is natuurlik groot voordele in so 'n virtuele museum:

1. Daar is nie 'n gebou wat in stand gehou moet word nie;

2. Dit is vier-en-twintig uur ‘n dag, sewe dae per week, twaalf maande per jaar beskikbaar vir enige persoon in die wêreld om te besigtig. Die enigste vereiste is toegang tot die Internet en waar bykans alle mense deesdae ‘n slim selfoon het, los dit dié probleem op.
3. Die virtuele toergids is altyd beskikbaar.
4. Met al die Henning artefakte wat tans by mense se huise staan, wat in so ‘n virtuele museum opgeneem kan word, sal ons makliker ons tema, “Die Henning families as tipiese trekboer families” kan uitbeeld. Al wat benodig gaan word, is ‘n goed-beligte foto van die item met ‘n byskrif (sien hieronder) en in die geval van ‘n relatief onbekende tipe item, dalk ‘n baie kort video-snit, wat die gebruik van so ‘n item demonstreer.

Hierdie artikel is dus die eerste stap om uit te vind wie waardevolle Henning artefakte besit. Laat weet asseblief vir ons wat se items u besit, of weet wie anders sulke items besit. Dit is belangrik dat u vir ons die volgende kan aandui:

1. Wat is die item en waarvoor is dit gebruik;
2. Uit watter tydvak kom die item;
3. Aan wie het elke item behoort.
4. Waar is dit gebruik.

U hoef nou nog niks vir ons te stuur nie. Laat weet net of u gesikte artefakte het. Ons sal mettertyd weer met u in verbinding kom, maar as u egter nou reeds u foto’s en gegevens vir die byskrifte wil stuur, is u welkom. Soos u sal verstaan, sal sulke foto’s aan bepaalde vereistes moet voldoen, wat die volgende is:

1. Foto moet goed belig, in fokus en duidelik wees, met **geen skaduwees**.
2. Die agtergrond moet eenvormig wees, sodat die item duidelik uitstaan. As dit ‘n meubelstuk of gereedskapstuk is, is dit verkieslik dat dit op ‘n wit of ander effekleurige laken of kombers lê of staan.
3. Foto’s uit verskillende hoeke is verkieslik, sodat mens duidelik die objek van alle kante af kan sien.

## Kinder-Krygsgevangenes in die Anglo-Boere-oorlog

Ons kon baie jare gelede reeds redelike volledige lyste bekom van die Boererepublieke wat deur die Britse Magte gedurende die Anglo-Boere-oorlog in buitelandse kampe krygsgevange gehou is. So het ons geweet dat die twee broers b9.c3.d3.e2. **Jacobus Abraham Adriaan Henning** \*11Februarie1866 en sy broer **Hendrik Jacobus** \*Maart 1867 (e3) lede van Zuid Afrikaansche Republiek se Polisie was. Hulle is beide op 9 Augustus 1900 krygsgevangene geneem, toe die Britse magte Pretoria ingeval het. Beide is in die Diyatalawakamp te Ceylon aangehou.

Toe ons deur die lyste gewerk het was daar egter nog ‘n Jacobus Abraham Henning op die Ceylon lyste, wat ons nie kon identifiseer nie. Hierdie Jacobus Abraham het op 5 Julie 1902 by Ceylon aangekom – dus nadat die oorlog op 31 Mei 1902 beeindig is, maar voordat die krygsgevangenes na Suid-Afrika gerepatrieer is. Vir baie jare kon ons hierdie raaisel nie oplos nie, want ons was nie bewus van enige

ander Jacobus Abraham (Adriaan) Henning wat oud genoeg was om as soldaat van die Boererepublieke te kon veg nie.



Twee broers, Jacobus Abraham Adriaan Henning en Hendrik Jacobus wat in Ceylon krygsgevange gehou is. Jacobus Abraham Adriaan se negejarige seuntjie, met dieselfde name is op 5 Julie 1902 na die vredesluiting ook Ceylon toe gestuur om by sy pa aan te sluit. Onder die enigste foto van Jacobus Jnr



Nasate van b9.c3.d3.e2.f4. Jacobus Abraham Adriaan Henning gebore 5 Junie 1893 (natuurlik 'n seun van Jacobus Abraham Adriaan hierbo wat in die ZAR Polisie gedien het) het 'n tyd gelede vir ons laat weet dat hulle oupa Jacobus gebore 5 Junie 1893 teen die einde van die oorlog as 'n seuntjie na Ceylon gestuur is om by sy pa aan te sluit. Hulle het geen verdere besonderhede gehad nie. Dit klop dus met die datum van 5 Julie 1902 wat ons het, want hy was dus slegs negejaar oud.

Hoe ongeloofwaardig dit ookal mag klink dat so 'n klein seuntjie na 'n krygsgevangenkamp in die buiteland gestuur sal word, klop dit met die gegewens waaroer ons beskik en ons is oortuig dat daar geen ander Henning is wat moontlik ook by hierdie prentjie kan inpas nie.

Pa Jacobus se eerste eggenote, Martha en hulle kinders is vanaf 17 September 1901 in die Merebank, Durban konsentrasiekamp aangehou, ten spyte van die feit dat hulle in Pretoria gewoon het en daar 'n konsentrasiekamp in Irene, naby Pretoria was. Ons is bewus dat die Britse alle Boerevrouens en kinders wat hulle nie aan die Britse gesag wou onderwerp nie, as moeilikheidmakers beskou en na die Merebank kamp gestuur het.

Na die ampelike vredesluiting is Martha en haar kinders op 6 Desember 1902 na die Irene kamp oorgeplaas, van waar af hulle toegelaat is om huistoe te gaan.

Mens kan maar net bespiegel waarom hierdie negejarige seuntjie reeds in Julie 1902 na Ceylon oorgeplaas is. Was dit dalk omdat hy die grootste belhamel was wat nie die gesag van die owerhede in die konsentrasiekamp wou respekteer nie en hulle hom behoorlik wou straf en van hom ontslae raak, of was dit dalk dat hy te veel na sy pa verlang het en die owerhede to besluit het om maar Ceylon toe te stuur?

Ek is van mening dat hierdie seuntjie een van ons Henning kinderhelde was.

## Geldsake



Ons wil weereens baie dankie sê aan al die welmenende Hennings wat oor die afgelope drie maande donasies vir die Familiebond aangestuur het. Ons wil almal opreg bedank vir hierdie pragtige gebaar. Dit toon duidelik dat die Henning Familiebond belangrik en op die regte pad is.

Ons wil almal die versekering gee dat elke sent van hierdie geld in belang van die Henning familie en in besonder die Henning Familiebond bestee sal word.

Ons bedank eerstens die sewe lede wat gereeld maandeliks deur middel van 'n debietorder bydraes lewer. Dit is van onskatbare waarde vir die Familiebond.

- Jan Andries Henning en sy vrou Cornelia van Montanapark, Pretoria
- Jan Hendrik Henning en sy vrou Nicolina van Glenstantia, Pretoria
- Past Antonie Henning en sy vrou

Nellie van Wonderboom-Suid, Pretoria

- Pieter Hendrik Henning en sy vrou Anna van Durbanville
- Runa en Sauer van Straaten van Doringkloof, Centurion
- Gesina en Mathys Spangenberg van Swakopmund, Namibië
- Pieter Jacobus Stephanus Henning van Ramsgate

Dan wil ons ook ons dank uitspreek teenoor die volgende lede wat pragtige bydraes gedurende die afgelope drie maande aangestuur het:

- Dr P A (Philip) Henning en sy vrou Anna van Langebaan – R500.00
- Ockert Henning en sy vrou Roline van Sonstraalhoogte, Durbanville – R500.00
- Tjaart (T J) Henning en sy vrou Louisa van Sinoville, Pretoria – R1 000.00

Ongelukkig blyk dit dat die getal Henning's wat bydraes lewer elke jaar afneem, wat ons finansies natuurlik onder druk sit. Onthou asseblief, geen bydrae is te klein nie en drar by tot die voortbestaan en vooruitgang van die Familiebond

**Die besonderhede van die Familiebond se lopende rekening is as volg:  
FNB Villiersdorp (Tak 200 712); Rekeningnaam – Henning Familiebond;  
Rekeningnommer – 6265 7601 483. Gebruik asseblief u voorletters en van (en  
as dit moontlik is, u lidnommer), as verwysing wie die deposito gemaak het.**

# Henning Aandenkings

Ons het steeds die volgende Henning aandenkings beskikbaar. U kan telefonies (028 840 0113 of sel 082 355 3801) of per E-Pos ([olie4@henning.org](mailto:olie4@henning.org)) bestel. Ongelukkig word posgeld volgens die gewig van die pakkie bygevoeg, dus sal ons u eers in kennis stel hoeveel die posgeld sal bedra, voordat u die geld in die Familiebond se rekening deponeer. Rekening besonderhede: **FNB Lopende rekening 6265 7601 483; Tak nr 200 712. Rekening naam – Henning Familiebond. Vermeld u lidnommer en/of voorletters en van as verwysing**

**Die nommer by elke item stem ooreen met die nommers op die foto**

1. Henning CD — R125.00 elk plus R10.00 posgeld
2. Skryfblokke (50 bladsye) — R30.00 elk
3. Suikerlepels (goud geplatteer) — R54.00 elk
4. Lapelwapens — R30.00 elk
5. Teelepel — R50.00 elk (goud geplatteer) **Pragtig as 'n stel van ses of meer, saam met 'n suikerlepel**, of individueel in 'n teelepel versameling
6. Mansjetknope —R100.00 stel. **Werklik pragtig! Kan met trots gedra of in 'n vertoonkas vertoon word. Sal ook 'n mooi erfstuk word**

Doen eers navraag wat u pakkie se posgeld sal bedra voordat u enige geld inbetaal. Onthou ook dat as u wil hê dat ons die pakkie met geregistreerde pos stuur, dit 'n ekstra R30.00 sal kos. Aflewering d.m.v Postnet kos R99.00 vir 'n pakkie van 1 Kg.

Tensy u 'n groot bestelling van verskeie items plaas, behoort die posgeld nie meer as R20.00 te wees nie. Wees verseker! Ons het nog nooit 'n pakkie in die pos verloor nie.

**Ondersteun asseblief die familiebond.**

